# kykNET JUNIE 2021 HOOGTEPUNTE




## Die Byl

**Drama**

**Dinsdae om 20:00**

**Met Waldemar Schultz, Marvin-Lee Beukes, Lika Berning, Eric Nobbs, Milan Murray en Trudy van Rooy**

*1 Junie*
Die verlede begin soos 'n toksiese spook tussen die span loop. Die reeksmoordenaar se obsessie bereik breekpunt en sy lei een van die spanlede in 'n lokval in.

*8 Junie*
'n Arm gemeenskap word getreiter deur gierige gemeenskapsleiers. Tot een besluit genoeg is genoeg en hulle met slanggif begin vermoor.

*15 Junie*
Byl en Nicki berei hulle voor op 'n tuisbesoek van Mischa en 'n maatskaplike werker. Juan maak 'n deurbraak met die aantygings teen hom.

*22 Junie*
Byl se grootste nagmerrie word waar wanneer een van sy spanlede ontvoer word. Juan wil Shani vra om met hom te trou.

*29 Junie*
Byl moet planne maak om te verhoed dat sy hele span uitgeroei word. In die naelbytslot van dié reeks kan die span slegs op mekaar staatmaak om te oorleef.

Kyk hier vir meer oor *Die Byl.*

***Die Byl*, Dinsdae om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# In die sop

## Realiteit

## Woensdae om 20:00

## Met Bertus Basson as aanbieder




In Junie gaan maak die *In die sop*-span 'n draai in Wellington, Stanford, Saldanha en Witsand om restaurant-eienaars op 'n nuwe pad te lei. Errieda du Toit, die koskenner en inhoudsvervaardiger van die reeks, sê 'n reeks het haar lanklaas so diep geraak.

**Hoekom raak *In die sop* jou so diep?**
Die menslikheid van die stories. Mense is baie trots en om die hand uit te steek en te sê ek het hulp nodig, is moeilik. Dit is nie uit desperaatheid nie, maar uit dapperheid. Hulle wys hulle is hardwerkend en dat hulle werklik ’n sukses wil maak. Hulle gee nie sommer op nie. Die restaurantbedryf was nog altyd uitdagend. Gooi dan 'n pandemie in en dit raak nóg moeiliker. Ek verstom my ook aan Bertus Basson en Misi Overturf se insig en vermoë om oplossings te vind. Daar word sagkens, maar eerlik, met die mense gewerk. Dis baie opbouend. Niemand word afgekraak vir ander se vermaak nie.

**Wat is vir jou die perfekte bord kos?**
Dit gaan oor eenvoud, want die lewe is kompleks genoeg. Behalwe vir groot dae soos Kersfees, wanneer tafels kreun onder die kos, is ek tevrede met drie goeie goed op my bord. Dit moet ook ’n refleksie wees van waar ek is – met ander woorde, kos van die streek.

**Wat dink jy is die vyf mees ikoniese Suid-Afrikaanse bestanddele?**
Mieliemeel en Karoolam. Karringmelkbeskuit is dalk nie ’n bestanddeel nie, maar dis so ’n ritueel en so Suid-Afrikaans. Wyn, veral Suid-Afrikaanse pinotage. By speserye is ek in twee geskeur tussen koljander en kaneel. Ek kan my nie boerewors sonder koljander indink nie, maar kaneel is die beste troossmaak.

**Wat is die nuwe kostendense vir hierdie winter?**
Die nuwe klem is op plaaslik en nie net plaaslik nie, maar hiperplaaslik – om klein ondernemers in jou direkte omgewing te ondersteun soos mense wat groente by jou voordeur kom aflaai of jou plaaslike bakker. Dan soek ons in tye van onsekerheid vertroude bekendes soos familiegunstelinge of trooskos soos spaghetti bolognese of melkkos. Daar is ook ’n herlewing in die gebruik van spenskos soos blikkieskos en ingelegde kos. Ons wil nie elke dag in die winkels kom nie en soek nuwe maniere om te kook met dinge soos ’n blikkie vis. Ook ’n beweging na plantaardige diëte, want ons sien dit al meer as ’n keuse. Suid-Afrikaners is vleiseters, maar hulle sal byvoorbeeld net drie keer ’n week vleis eet en goedkoper vleissnitte kook. Met ander woorde, steeds vleis, maar minder en goedkoper.

**As jy ’n restaurant moet hê, wat sal altyd op die spyskaart wees?**
Daar sal altyd brood en botter op die spyskaart wees. Dit is daardie aardse ding om vir iemand ’n wonderlike stuk brood te gee en te sê: “Welkom by my tafel!”

***In die sop*, Woensdae om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# Op my Eish!

**Realiteit**

**Donderdae om 20:00**

**Met Neels van Jaarsveld, en Henré Pretorius as aanbieder**




Dinge raak interessant in *Op my eish* wanneer die vroue al minder en die kompetisie om Neels van Jaarsveld se aandag al feller raak. In Junie gaan hulle, onder meer, pikkewyne voer, gholf speel en teater toe gaan. Die uitstappie na die teater lei egter tot meer drama van die verhoog af as op die planke.

Neels beantwoord vyf vinnige vrae oor die liefde en dies meer:

**Wat is jou gunsteling-reisbestemming in Suid-Afrika?**
Die Kruger Nasionale Wildtuin. Die natuur is daar baas. Jou brein gaan met vakansie. Dit is algehele ontspanning met opwinding om elke hoek en draai.

**Wat is vir jou die mooiste woord in Afrikaans om die liefde te beskryf?**
Passievol.

**Wat is die liefdesliedjie wat jou hart sag maak?**
"Toe vind ek jou" van Francois van Coke en Karen Zoid.

**Sonopkoms of sonsak?**
Sonopkoms. Ek het ’n sagte plekkie vir ’n nuwe begin.

**Wat het jy geleer uit die hele *Op my eish*-proses?**
Dat daar nog mense met goeie harte is. Dat liefde nog bestaan. Dat die meeste probleme met goeie kommunikasie opgelos kan word. Wees altyd jouself.

***Op my eish!*, Donderdae om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# Die Groenste Vingers

## Realiteit

## Donderdae om 21:00

## Met Edrien Erasmus as aanbieder




*3 Junie*
In hierdie rondte is al die verloorders terug in die kweekhuis en die wenner is terug in die kompetisie. Franz en Leon gee ’n meesterklas met aspidistrablare.

*10 Junie*
Dit is die eerste kwarteindrondte. Diane van der Merwe en Marcel Augustyn-Clarke is terug en moet ’n oase as basis gebruik om ’n blomhoender te skep.

*17 Junie*
Blomliefhebbers Gerhardt Oosthuizen en Francois du Toit moet hulle eie

blomhouers skep en versier met natuurlike materiale.

*24 Junie*
Christina du Preez en Corli Leonard se taak is om ’n indrukwekkende tafelruiker te rangskik, maar hulle mag net inheemse blomme en plante gebruik.

Lees meer hier: *Die groenste vingers*

***Die Groenste Vingers*, Donderdae om 21:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# kykNET-sepies

## Binnelanders




### Sepie

### Weeksdae om 19:30

Een van die kouer maande in die jaar gaan jou witwarm maak voor die kassie, onder die kraag en net duskant die tussenribspiere. Vergeet maar van ’n pot vol winter, want in die gange van Binnelandkliniek gaan daar binnekort dinge gebeur wat jou na jou asem sal laat snak.

Die splinternuwe seisoen van *Binnelanders* skop op Maandag 7 Junie af en kykers word aangeraai om solank hulle PVR’s te stel sodat hulle nie ’n sekonde van die drama misloop nie.

Verskeie bekendes is in dié seisoen as gasspelers deel van die aksie: Robbie Wessels, Beáte Opperman, Tiaan Rautenbach, Ronel Kriel, Wilson Dunster en Gerald Steyn is die akteurs wat hierdie maand hulle stemme kom dik maak in die gange van die bekendste kliniek in Pretoria – en hulle gaan elkeen op hul eie manier kykers se bloeddruk opjaag.

Louis ontferm hom oor ’n boemelaar, maar besef nie dat Elvis nie heeltemal ’n onbekende is nie. Wanneer Okkie vir Elvis raakloop, spat die vonke. As

Louis geweet het wie dié hawelose eintlik is, wonder 'n mens of hy steeds so ver uit sy pad sou gaan om ’n helpende hand te verleen.

Wanneer die antwoord op Ruan se internetgebruik gevind word, is dit amper klaar te laat om nog vrae te stel. Daar is wel iets wat Steve en Elana vir hom en Vicky móét vra, maar hulle is nie seker of dit die regte tyd is nie.

Helena Bester (Ronel Kriel) verras die kleinkinders, maar sy is nie die enigste Bester wat skielik in Pretoria verskyn nie: George (Tiaan Rautenbach) en Nellie (Beáte Opperman) volg kort op haar hakke. Helena se motiewe is suiwer, maar dieselfde kan nie gesê word van die ander twee Besters nie.

Daar is verskeie brandende vrae – vra maar net vir Conrad. Op Elana se vrae is daar vinnige antwoorde, maar die antwoord waarna hy smag, is meer ingewikkeld: Kan en moet ’n mens vergewe? Want “vergewe” beteken ook dat 'n mens moet “vergeet” en vir iemand met ’n geheue soos ’n olifant is dit bitter moeilik.

Iemand wat beslis nie weet wat op hom wag nie, is Uys Wagner – die nuwe, aantreklike rooikoplocum. Wie sou nou kon dink dat die wêreld so kan gons wanneer dié mannetjie sy eerste treë in die gange van Binneland-kliniek gee? As dit nie Tertius en Annelize is wat haaks raak oor sy aanstelling nie, is dit ’n ander rooikop wat summier alles van hom wil weet. En wanneer sy nie al die feite uit hom kry voor die einde van sy eerste week nie, formuleer sy sommer haar eie teorieë. Maar hoeveel daarvan kan toegeskryf word aan Binneland Stereo, en hoeveel daarvan is gegrond op die waarheid? Die enigste mense wat weet wat regtig gebeur het, is Uys en Annelize, en nie een van hulle twee praat uit nie. Dis dalk hoekom die man hom so min steur aan reëls en regulasies en waarom hy so lief is vir sports.

Faf Gosslin het sy bek gereeld in die verlede gerek, maar nou wil hy skielik daad by die woord voeg. Hy kan egter nie sy planne sonder die hulp van sy voshaardogter uitvoer nie. Maya bly lief vir haar pa, al het hy ook hoe ongenaakbaar en wreed in die verlede opgetree. Iemand wat haar natuurlik nie deur ’n wolf in skaapsklere laat flous nie, is Tracy. Maar hoe moet sy hierdie saak oplos as niemand na haar wil luister nie? Dit is dalk tyd om die groot kannon te gebruik, maar aangesien daar reeds ’n skermutseling of twee was, gaan wedersydse twyfel beslis ’n invloed op ’n gedeelde bekommernis hê.

***Binnelanders*, weeksdae om 19:30 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# Suidooster

### Sepie

### Weeksdae om 18:30




Gebroke harte is aan die orde van die dag in Junie in *Suidooster* wanneer Imraan en Kaashifa se huwelik in duide stort. Ook Zoë sukkel om sin te maak van ’n groot onthulling wat haar huwelik in troebel water laat beland het.

Tog lyk dit of die liefde dalk gaan blom vir Rhafiek, wat uiteindelik probeer aanbeweeg van Carmen. Daar is potensiaal vir ’n verhouding met ’n meisie wat definitief die wenkbroue gaan laat lig. En uiteindelik lyk dit asof Tyron en Lee-Ann reg is om die volgende groot stap in hul verhouding te neem. Hoor ons trouklokke lui?

Daar is twee nuwe intrekkers in Ruiterbosch, Susan en Elana, wat hulle sommer gou in hul nuwe woonbuurt tuismaak. Dié twee het groot planne vir die nuwe hoofstuk in hul lewens en maak ’n kuierplek oop, maar dit blyk ook dat Susan en Justin ’n verlede het wat dalk net dinge mag kompliseer.

’n Skokkende gebeurtenis speel af in Ruiterbosch met Bridgette wat beheer oor haar lewe verloor danksy Nazeem en Tim se gekonkel. Kort voor lank bevind Ruiterbosch se ystervrou haar in ’n lewensgevaarlike situasie.

Sy en haar gesin mag dalk nooit weer dieselfde wees nie, maar dit lyk of die Jacobs-troon uiteindelik binne Nazeem se bereik is.

***Suidooster*, weeksdae om 18:30 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# Getroud met rugby




**Sepie**

**Weeksdae om 18:00**

Nesie ontdek haar roeping. Amanda is ontsteld nadat 'n suggestiewe foto van Reitz en Ryno gepubliseer word. Sy voel bedreig deur hulle vriendskap.

Renate vind uit sy is in Engeland verwek en besluit om daarheen te reis sodat sy kan uitvind wie sy regtig is.

Almal sukkel om met Buks en Nesie huis te hou nadat 'n gebarste pyp hulle dakloos laat.

Simon en Renate vra vir Lulu om hulle kind se peetma te wees, maar is dan woedend wanneer hulle uitvind sy het iemand anders gevra om haar baba se peetouers te wees.

Virginia moet keer of Yvonne neem Simon en Renate se huis heeltemal oor.

Kristien besef sy het sterk gevoelens vir 'n sekere man.


JJ is terug en probeer om vir Bart, van alle mense, af te pers. Jana vind 'n nuwe, verslawende stokperdjie.

Fafa verjaar en hou 'n rocker-partytjie in Pottie's. Die partytjie inspireer hom om iets te doen wat Maryke ontstel.

***Getroud met rugby*, weeksdae om 18:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# kykNET Storiefilms

## Motel




**Televisiefilm**

**Sondag 6 Junie om 20:00**

**Met Laudo Liebenberg en Dann-Jacques Mouton**

**Regisseur: Dian Weys**

Wanneer twee sakevennote se huurmotor langs die verlate R27 in die middel van die nag breek, stap hulle na die naaste dorp en kry ’n motelkamer om in te oornag.

Nadat hulle hulself tuisgemaak het, kry hulle egter ’n lyk in die kas.

*Motel* ondersoek hoe die versuim van ons verantwoordelikheid tot ons eie aandadigheid en ondergang kan lei.

***Motel* is Sondag 6 Junie om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**




# Niemand

**Televisiefilm**

**Sondag 13 Junie om 20:00**

**Met Francois Jacobs, Ilse-lee van Niekerk, Tertius Meintjes en Solomon Cupido**

**Regisseur: Francois Nolte**

Willie Niemand is presies wat sy van sê: niemand. Maar as hy sy vrou Belinda met sy baas in die bed betrap, verander die hele prentjie.

***Niemand* is Sondag 13 Junie om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

# Huishou

**Televisiefilm**

**Sondag 20 Junie om 20:00**


**Met Nadia Valvekens en Cintaine Schutte**

**Regisseur: Philip Rademeyer**

Twee vroue is in die proses om 'n kind aan te neem, maar hulle huwelik wankel. Beide probeer verbete vasklou aan hul beginsels in 'n desperate soeke na die "ek" in die "ons."

***Huishou* is Sondag 20 Junie om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**






# Krismasboks

**Televisiefilm**

**Sondag 27 Junie om 20:00**

**Met Donovan Pietersen, Zane Meas en Esmeralda Bihl**

**Regisseur: André Velts**

Dis drie dae voor Kersfees. Zack word onverwags vir poging tot moord gearresteer. Of dit nou ’n ongeluk was of nie, hierdie jongman se toekoms lyk donker.

***Krismasboks* is Sondag 27 Junie om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144).**

kykNET&kie (DStv-kanaal 145)

# Koortjies met Jonathan Rubain

**Gospelprogram**

**Sondag om 18:00**

**Met Jonathan Rubain as aanbieder**




*6 Junie*
Ná die afgelope Kinderbeskermingsweek, kuier 2019 se Mnr. Suid-Afrika, Heinrich Gabler, in die ateljee. Hy is passievol oor die welsyn van ons jeug en kinders. Die stigter van Centre for Care and Contact, Candice Warner, neem ook deel aan die gesprek.

*13 Junie*
Jeugdag is om die draai en in hierdie episode gooi ons 'n heerlike *variety show* vir ons jeug – met sang, dans, kletsrym en inspirerende optredes en stories.

*20 Junie*
Vandag is Vadersdag en ons vier dit met 'n wonderlik pa-en-seunduo: Ricky Schroeder en sy pastoorpa, Derrick Schroeder, kom vertel ons meer oor hulle spesiale band. Jonathan se eie pa, pastoor Isaac Rubain, kom kuier ook in die ateljee en lig die dak met een van sy vertonings.

***Koortjies met Jonathan Rubain*, Sondae om 18:00 op kykNET&kie (DStv-kanaal 145).**

# Arendsvlei

## Telenovela

## Maandae tot Donderdae om 19:30




Gemoedere loop hoog wanneer Wendy in die hof moet verskyn. Daar is 'n reeks Arendsvleiers wat teen Wendy moet getuig – van Langes en Debra tot Zane en Bompie. In die verloop van die verhoor word bewyse gelewer wat Wendy se grudade aan die lig bring. Wanneer die inligting rondom David se dood openbaar gemaak word, moet arme Beatrice en Samantha mekaar meer as ooit ondersteun. En Janice het nie vergeet van Steve nie. Sy maak reg en kry al haar inligting bymekaar om seker te maak Wendy beland agter tralies. Soveel mense is teen Wendy en die bewyse is sterk, maar soos ons vir Wendy ken, voer sy altyd 'n plan of twee in die mou.

Asof Wendy se hofsaak nie genoeg moeilikheid is nie, beland daar 'n mediaberig oor Thys in die koerant. Êrens het die nuus uitgekom dat hy betrokke is by die saak oor seksuele teistering en ouers het toe twee en twee bymekaar gesit. Beatrice, Ronel en Janice moet probeer objektief optree en arme Gertie se hart breek vir haar seun. Thys kan niks anders doen as om sy onskuld te bewys nie, maar sal dit genoeg wees?

Op 'n ligter noot ontmoet kykers Arendsvlei se eerste "influencer". Tiffany is 'n nuwe leerder by Hoërskool Arendsvlei en Mielies kan nie uitgepraat raak oor haar nie. Elsa is bietjie bekommerd en vertrou nie vir Tiffany nie – soveel

so dat sy begin leuens opmaak. Maar Tiffany gee nie om wat mense van haar sê nie. Solank haar Instagram-volgelinge meer word, kan almal maar doen wat hulle wil.

***Arendsvlei*, Maandae tot Donderdae om 19:30 op kykNET&kie (DStv-kanaal 145).**

kykNET NOU! (DStv-kanaal 146)

## Fokofpolisiekar 17th Birthday: Super Sick Seventeenth




**Konsert**

**Vrydag 11 Junie om 22:00**

Hierdie twee uur lange vertoning is ’n viering van Fokofpolisiekar se sewentiende verjaarsdag. Die konsert is gelaai met al “Die Bende” se grootste treffers.

***Fokofpolisiekar 17th Birthday: Super Sick Seventeenth*, Vrydag 11 Junie om 22:00 op kykNET NOU! (DStv-kanaal 146).**

# Die Heuwels Fantasties: 2021 Live met Francois van Coke, Jack Parow, Arno Carstens en Tarryn Lamb Konsert

**Vrydag 25 Junie om 21:00**

Die bekendstelling van Die Heuwels Fantasties se nuwe album, *2021*, met Francois van Coke, Jack Parow, Arno Carstens en Tarryn Lamb.



***Die Heuwels Fantasties: 2021 Live met Francois van Coke, Jack Parow, Arno Carstens en Tarryn Lamb* wys Vrydag 25 Junie om 21:00 op kykNET NOU! (DStv-kanaal 146) en kykNET Lekker (DStv-kanaal 148).**

kykNET Lekker (DStv-kanaal 148)

## Ons Sprokiesbruilof

**Realiteit**


**Saterdag om 20:00**

**Met Sorina Erasmus as aanbieder**

Marinda en Wynand het mekaar ontmoet terwyl sy in ’n verhouding was. Hy het hom egter nie laat afskrik nie.

Werner het sy oog op Illande gehad toe beide by Pukke studeer het en toe hulle amptelik ontmoet, het Werner geweet – Illande is sy trouvrou.

Irma en Nikus het op hoërskool boesemvriende geword en in 2009 het hy haar gevra om sy meisie te word. In 2016 het hy die groot vraag gevra.





***Ons Sprokiesbruilof* (seisoen 1), Saterdae om 20:00 op kykNET Lekker (DStv-kanaal 148).**

# fliekNET

## Krotoa

**Rolprent**




**Vrydag 25 Junie 2021 om 20:00**

’n Elfjarige Khoi-prinses word van haar mense weggeskeur om vir Jan van Riebeeck te gaan werk. Vasgevang tussen twee kulture probeer sy om dié twee wêrelde met mekaar te versoen.

***Krotoa*, Vrydag 25 Junie om 20:00 op fliekNET (DStv-kanaal 149).**